Doug Batchelor

# Die Twee Getuies

## Moses & Elia

KOPIEREG © 2004 DEUR
DOUG BATCHELOR

ALLE REGTE VOORBEHOU.

IN AFRIKAANS VERTAAL DEUR

ANITA VAN DEVENTER

VIR GEBRUIK IN DIE
TRANSVAAL KONFERENSIE

# Die Twee Getuies

---

## Moses & Elia

Deur
Doug Batchelor


1 Opwaarts na die Lig ……………………………………………………………………………………
2 Die Rede vir die Openbaring ……………………………………………………………………….
3 Waarom Moses en Elia? ……………………………………………………………………………
4 Die Uiteindelike Bevestiging ………………………………………………………………………
5 Twee of Drie Getuies…………………………………………………………………………………
6 'n Goddelike Bespreking …………………………………………………………………………….
7 Drie Tabernakels ………………………………………………………………………………………
8 Bergtop Ondervinding ………………………………………………………………………………
9 Die Finale Sê …… …………………………………………………………………………………..
10 Skielik ……………………………………………………………………………………………………
11 Moenie Dit Noem Nie ………………………………………………………………………………
12 Die Regte Tyd Om Te Vertel ……………………………………………………………………
13 Laaste-Dae Betekenis ……………………………………………………………………………
14 Wat Elia en Moses Nie Sal Doen Nie ………………………………………………………….
15 'n Tipe van die Wederkoms ……………………………………………………………………….
16 Ses Dae Om Te Kom ……………………………………………………………………………….
17 Ses: 'n Bybelse Tema ……………………………………………………………………………
18 Die Slapende Kerk …………………………………………………………………………………
19 'n Sekerder Woord ……………………………………………………………………………….
20 Gloei vir God ……………………………………………………………………………………………

***'n Verbasende Feit:*** *Die helderste mens-gemaakte lig op aarde is afkomstig van die top van die Luxor hotel, 'n reuse piramide struktuur, in Las Vegas, Nevada. 'n Totaal van 45 xenon ligte, elkeen so groot soos 'n wasmasjien en met die helderste gloeilamp beskikbaar, stuur 'n kragtige straal van skitterende lig regop in die lug in. Die lig wat vanuit die toppunt van hierdie kunsmatige berg straal, is so helder dat dit deur ruimtevaarders gesien kan word terwyl hulle daaroor vlieg. Lugdiensvlieëniers word gewaarsku om die gebied te vermy, aangesien die ligstraal hulle tydelik kan verblind indien hulle daardeur sou vlieg. Dit is betreurenswaardig dat hierdie helderste mens-gemaakte lig op aarde totaal nutteloos is – dit verlig niks terwyl dit slegs in die ruimte bo die aarde inskyn.*

Het u geweet dat daar 'n verhaal in die Bybel is wat vertel van 'n bergtop wat verlig was met hemelse lig? Selfs al word dit selde genoem, is hierdie gebeurtenis, wat die Berg van Verheerliking genoem word, een van die mees uitstaande oomblikke in die Nuwe Testament. Hierdie majestueuse ondervinding wat in die Evangelies van Mattheus 16, Markus 9, en Lukas 9 beskryf word, is van diepgaande betekenis vir Christene, en dit help om baie ander verbasende Bybelwaarhede te verlig.

## 1 Opwaarts na die Lig

Na 'n lang dag van onderrig en bediening aan die menigtes, skei Christus en Sy dissipels van die saamdrommende skare. Toe sê Jesus iets baie ongewoon: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom het nie." (Markus 9:1). Dit moes heelwaarskynlik vir Sy dissipels geklink het asof Jesus iets baie groot voorspel het. Maar wat?

Dan, ses dae nadat Jesus hierdie kriptiese aankondiging gemaak het, bereik hulle die voet van 'n "hoë berg." Daar kies Hy Sy eie betroubare "drie-eenheid" van apostels – Petrus, Jakobus en Johannes – en met hulle agter Hom aan, laat Hy die ander in die vallei agter en begin die lang klim teen die steil heuwel. Terwyl die son ondergaan, struikel hulle uiteindelik moeg tot op die kruin. Jesus kniel onmiddellik neer en begin bid, en die dissipels probeer om saam met Hom te bid, maar uitgeput, raak hulle spoedig vas aan die slaap.

Toe gebeur iets buitengewoon! Wanneer ons die getuienis van Lukas en Markus saamvoeg, word daar gesê, "Terwyl Hy gebid het, het Hy voor hulle van gedaante verander. Die voorkoms van Sy gesig was verander, en Sy kleed het wit en blink geword. Spierwit, soos sneeu soos wat geen skoonmaker op aarde dit wit kan maak nie. (Lees die volledige verslag in Lukas 9:29-31 en Markus 9:2-9).

## 2 Die Rede vir die Openbaring

Skielik wakker gemaak deur die kosmiese gebeurtenis, sien die dissipels Christus skyn met 'n hemelse lig wat van binne uitstraal. Hy is nie slegs die nederige seun van Josef en Maria nie, maar met geopenbaarde heerlikheid, verskyn Hy nou as die majestueuse Skepper van die heelal.

In die klassieke boek, *Die Koning van die Eeue*, help die skrywer ons om Jesus se hoofrede vir hierdie hemelse besoek beter te verstaan. In Sy gebed pleit Hy "dat hulle 'n manifestasie van Sy Godheid sal ontvang wat hulle in die uur van Sy hoogste lyde sal versterk met die wete dat Hy … die Seun van God is en dat Sy skanddood deel van die verlossingsplan is."

Die liefdevolle Vader gee hulle hierdie kort kykie van Sy Seun se heerlikheid, omdat Hy weet dat die dissipels binnekort hulle Meester totaal verneder sou sien. Hulle meester sou binnekort nakend wees, geslaan word, en bloei – en baie hulpeloos en kwesbaar voorkom. Op dieselfde manier as wat 'n klein boompie gedurende die warm, helder lente sap opgaar om gedurende die koue, donker winter mee te oorleef, weet Jesus Sy dissipels se geloof moet versterk word op die berg sodat hulle die komende donker dag op Golgota kan verduur.

Die dissipels het ook die versekering van hierdie gebeurtenis nodig gehad aangesien hulle voortgegaan het om die doel van die Messias se sending met die populêre Joodse versinsels van aardse glorie te verwar. Jesus het geweet dat dit vir hulle vernietigend sou wees om hulle hoop vir aardse heerlikheid deur Romeinse spykers verwoes te sien word, en daarom het die Vader hierdie visioen gegee om hulle te herinner dat Christus se koninkryk 'n hemelse een was, en nie 'n aardse nie.

**3 Waarom Moses en Elia?**

Saam met die heerlike lig uit die hemel, die helderste wat nog ooit op aarde gesien was, het twee van die beroemdste persone van die Skrifte langs Christus verskyn. "En daar het aan hulle verskyn Elia saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus." (Markus 9:4).

Iemand mag dalk vra, waarom hierdie twee individue? God het Henog ook hemel toe geneem, waarom het hy nie saamgekom vir hierdie spesiale besoek nie? Dit antwoord is heel eenvoudig, die twee prominente individue wat gekom het, was lewende simbole van die Woord van God. Moses stel die wet voor, en Elia verteenwoordig die profete. Jesus sê in Mattheus 5:17, "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." Moses is die groot wetgewer, en Elia is die grootste van die Ou Testamentiese profete.

Deurgaans in die Bybel word die Woord van God dikwels met 'n tweeledige beeld beskrywe. Die Tien Gebooie was op *twee* kliptafels geskryf. Die Woord van God word ook beskryf as 'n swaard met *twee* skerp kante. *Twee* lampe en *twee* olyfbome beskryf die *twee* heilige afdelings van die Bybel. Maar die uiteindelike getuienis van God se Woord is Jesus: "In die boekrol is dit van My geskrywe" (Hebreërs 10:7). Die boekrol, die Bybel, alles wys na Jesus, wie die kombinasie van *twee* karakters is, die menslike en die goddelike. Jesus is die Woord wat vlees geword het (Johannes 1:14).

In Lukas 16:31, sluit Jesus Sy gelykenis van die Ryk Man en Lasarus soos volg af, "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan." Hier plaas Jesus 'n baie hoë prioriteit op God se Woord, en ons moet dit nie uit die oog verloor nie. Dit maak nie saak watter wonderwerke u sien nie, selfs al word iemand uit die dode opgewek, behoort u nog steeds die eenvoudige Woord van God op hoër grond te plaas.

**4 Die Uiteindelike Bevestiging**

Wanneer verkiesingstyd nader kom, begin politici 'n veldtog om die ondersteuning van kiesers te verkry. Een algemene manier waarop hulle dit kan bereik, is om die ondersteuning van soveel moontlike populêre en geloofwaardige leiers te verkry. Die Berg van Verheerliking ondervinding is die uiteindelike bevestiging.

Sedert die tyd van Abraham, was elke Jood op die uitkyk vir die komende Messias. Verskeie valse Christusse word beskryf in die Hebreeuse geskiedenis. Nou as 'n simbool van hemelse ondersteuning, staan Jesus verheerlik met die twee grootste helde van ou Israel aan beide kante. Moses en Elia omring Jesus om ons 'n duidelike beeld te gee dat die Woord van God na Jesus as die Messias verwys en dit bevestig.

Hierdie onderskraging van Moses en Elia verteenwoordig die bevestiging van die wet en die profete, God se Woord, dat Jesus die "een is wat sou kom" (Mattheus 11:3). Geen ander individue kon groter geloofwaardigheid vir Jesus se Bediening gebied het as hierdie twee reuse van die Skrifte nie.

Die verheerliking is ook 'n direkte vervulling van profesie. Maleagi het voorspel, "Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel – insettinge en verordeninge.. Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek." Een rede waarom die Woord van God so wonderlik

is, is omdat dit so presies is. Beide Moses en Elia het in die Nuwe Testament verskyn voor Jesus se kruisiging om Hom te bemoedig en te bevestig.

**5 Twee of Drie Getuies**

In Openbaring 11:3-12, vind ons die groot profesie van God se twee getuies. "Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan." (Openbaring 11:4). Ons weet dat 'n lamp 'n simbool vir die Woord van God is, "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad" (Psalm 119:105). Toe Sagaria die twee olyfbome in 'n visioen gesien het, het hy vir die engel gevra wat hulle verteenwoordig. "Toe antwoord hy en sê vir my" Die is die woord van die Here" (Sagaria 4:6). Dit neem ook die olyfolie van die Gees om die lamp van God se Woord te verlig.

Openbaring waarsku wat sal gebeur met diegene wat God se twee getuies, die Heilige Bybel, skade aandoen. "Indien enigeen hulle leed wil aandoen, sal vuur uit hulle monde kom en hulle vyande verslind." Dit het in die ondervindings van beide Elia en Moses gebeur. Vuur het uit die hemel op die Egiptenare neergedaal terwyl hulle God se kinders agtervolg het en dit het die seuns van Aäron verteer. Dit het ook die soldate verteer toe hulle Elia uitgedaag het. Daarby, "het hierdie die krag om die hemel te sluit sodat daar geen reën val in die dae van hulle profesie nie; en hulle het krag oor water om dit in bloed te verander." Het Elia gebid en die reën het opgehou? Het Moses gebid en die water het in bloed verander? Weer sien ons dus waarom God die twee getuienisse, Sy Woord, met die bediening van Moses en Elia vergelyk.

Dan, asof die bevestiging van Moses en Elia nie genoeg was nie, omhul 'n wolk die bergtop en die stem van die Almagtige word gehoor wat sê, "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom." Die Bybel sê, "In die mond van twee of drie getuies sal elke woord vasstaan." (2 Korinthiërs 13:1). Op die Berg, het twee mense wat deur Christus verlos is, getuig dat Hy die Messias is, en natuurlik is die derde die stem van God Self! En watter beter bevestiging van waarheid kon God aanbied – die wetgewer en die grootste profeet en Sy eie hoorbare getuienis? Inderwaarheid sê Moses, "Hierdie is die Een." Elia sê, "Hierdie is die Een." En dan sê die Almagtige God, "Hierdie is die Een."

**6 'n Goddelike Bespreking**

Toe ek hierdie gedeelte eers gelees het, het ek gewonder, "Hoe het hulle geweet dat dit Moses en Elia was?" Hulle het geen joernalistiese foto's of argiewe van videomateriaal gehad om hierdie wesens mee te vergelyk nie. Toe het ek besef dat hulle heelwaarskynlik 'n gedeelte van die gesprek gehoor het en gehoor het dat Jesus hulle op hulle name aanspreek.

Gelukkig gee die Evangelie van Lukas selfs vir ons 'n bietjie insig aangaande wat hierdie groot manne bespreek het. Dit sê, "dit was Moses en Elia. Hulle het in heerlikheid verskyn en van sy uitgang gespreek wat Hy in Jerusalem sou volbring." (Lukas 9:30,31). "Uitgang" verwys natuurlik na Sy offer op Golgota.

Ek kan my nie enige ander twee individue voorstel wat beter gekwalifiseerd was om Jesus aan te moedig om voort te gaan met Sy offer nie. Beide Moses en Elia het die pyn van vervolging en verwerping deur hulle eie mense, verstaan. Hou in gedagte dat beide Moses en Elia vir honderde jare reeds in die hemel was, nie as gevolg van hulle goeie werke nie, maar omdat hulle vooruit reeds die vergoeding geniet het van die offer wat Jesus op

die punt gestaan het om te maak. Met ander woorde, indien Jesus nie met die plan om vir die mensdom te sterf, voortgegaan het nie, het Moses en Elia geen reg gehad om in die hemel te bly nie. Hulle was dus duidelik baie gemotiveerd om Jesus aan te moedig en te inspireer om voort te gaan. Uiteindelik was hulle doel om getuies aan Christus te wees en om Jesus in Sy komende beproewing en opoffering te ondersteun.

**7 Drie Tabernakels**

Toe die oë van die dissipels gewoond geraak het aan die lig en hulle hulleself reggeruk het, kan ek my voorstel dat die eerste ding wat hulle gedoen het, was om hulle skoene uit te trek toe hulle besef het dat hulle op heilige grond was. Na 'n paar angswekkende oomblikke van luister na hierdie goddelike gesprek, voel Petrus gedwing om iets te sê. "Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak : vir U een, vir Moses een en vir Elia een." (Markus 9:5).

Dit is interessant dat die Bybelse geskiedenis drie aardse tempels noem: die een in die wildernis gedurende die tyd van Moses; Salomo se tempel wat tydens die tyd van Elia gestaan het; en die derde tempel wat na die Babiloniese gevangenskap gebou was. Hierdie derde een is die een wat Jesus gereinig het. Daar is ook drie aspekte of stadiums van verlossing: regverdigmaking, gesimboliseer deur Moses; heiligmaking, die bediening van Elia; en die God-gevulde man of verheerliking deur Jesus voorgestel.

**8 Bergtop Ondervinding**

Baie van die hoogtepunte in die Bybel is ook bergtop ondervindings. Die Here het dikwels betekenisvolle gebeurtenisse op bergtoppe gereël, omdat dit natuurlike monumente maak. Wanneer ook al God se volk na hierdie prominente bergtoppe gekyk het, sou hulle die belangrike gebeurtenisse van hulle heilige geskiedenis onthou.

Dink byvoorbeeld daaraan dat na 40 jaar in die woestyn, God op 'n bergtop Sy wet aan Moses oorhandig het. Die toppunt van die Berg Sinai het met rook en donderweer van die vuur van God geskud. Na 40 dae in die woestyn, het God ook met Elia op Berg Sinai gepraat deur vuur, wind en 'n aardbewing (1 Konings 19:11,12). Na 40 dae in die wildernis het Jesus die satan op 'n hoë berg bestraf (Mattheus 4:8-10).

God maak ook Sy geloftes op berge. Dit was op die berg Ararat dat God Sy verbond met Noag gemaak het. Hy het Sy verbond met Abraham op Berg Moria gemaak. Die hele Joodse nasie het sy Beloofde Land verbond op die berg Gerisim bevestig (Josua 8:33). Elia was natuurlik op die Berg Karmel toe vuur en reën neergedaal het, 'n simbool van God se Gees van herlewing wat op die kerk reën. Moses het die Beloofde Land die eerste keer van die Berg Nebo waargeneem, en dit is van 'n hoë berg dat Johannes die eerste keer die heilige stad gesien het (Openbaring 21:10), maar die belangrikste van alles is dat God sy liefdevolle verbond van verlossing op die Berg Golgota verseël het.

Net soos Jesus het Moses op 'n berg gestaan met uitgestrekte arms, ondersteun aan die regterkant en linkerkant deur Aäron en Hur (Exodus 17:12). Natuurlik, toe Jesus op Golgota gesterf het, was twee rowers aan Sy regter- en linkerkant wat twee soorte sondaars voorgestel het, op dieselfde manier wat Moses en Elia weerskante van Jesus op die Berg van Verheerliking was. Ek dink dat voordat ons die Verheerlikte Berg klim, moet ons Golgota klim. God wil 'n verbond met u bevestig en u met Sy Gees vul, en dit sal gebeur wanneer u uself op die berg waar Jesus gekruisig was, verneder.

**9 Die Finale Sê**

Die Verheerlikte Berg weerklink met goddelike gesag. Markus 9:7 sê, "En daar kom 'n wolk wat hulle oordek". Hierdie wolk verberg in werklikheid die heerlikheid van die Vader, wat verklaar, "Dit is my geliefde Seun, luister na Hom." God die Vader kom om Sy Seun wat Sy totale goedkeuring ontvang, te bevestig.

Dit is so belangrik dat ons hierdie verstaan. Aan die begin van Jesus se bediening, praat God die Vader persoonlik by Christus se doop in die Jordaanvallei, en identifiseer Jesus as Sy Seun. Hy sê, "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het," wat bevestig dat die Joodse nasie nie langer iemand anders as die Messias moet verwag nie (Mattheus 3:17). Enigeen wat voor Hom gekom het, was 'n bedrieër, en enigeen wat daarna kom, is 'n nabootser. Jesus is die een!

Dan aan die einde van Jesus se bediening, identifiseer God die Vader weer eens Sy goddelike Seun op die berg, en beveel iets baie eenvoudig. "Luister na Hom." Dit is 'n hele sin, maklik om te verstaan. Maar "luister" beteken meer as net om die hoorbare geluide te hoor. Dit beteken in werklikheid "luister met onverdeelde aandag en doen dit." Jesus sê, "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê." (Openbaring 2:17). God die Vader, persoonlik, beveel u en my om na Jesus se woorde te luister en dit te doen.

Daar was baie nabootsers, bedrieërs, misleiers, en kultusleiers wat probeer het om Christus te verpersoonlik. Maar God die Vader sê van Jesus in die Bybel, "Luister na Hom." Hy is die ware Woord! Dit is 'n kragtige gedagte om te bepeins.

**10 Skielik**

Terwyl die laaste eggo's van God se donderende stem van die berg af weerklink, krimp die bewende dissipels inmekaar van vrees. Markus 9:8 sê, "Meteens" het alles geëindig. Net so vinnig as wat die lig verskyn het, het dit verdwyn. "En meteens kyk hulle rond en sien niemand meer by hulle nie, behalwe Jesus alleen." Terwyl die heerlikheid vervaag en hulle oë gewoond raak aan die duisternis, is Moses, Elia, die Vader en die wolk almal weg; al wat hulle kan sien is Jesus. Hy het beloof, "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie." (Hebreërs 13:5).

Ons visie kan maklik geblokkeer word deur die kaleidoskoop van beelde wat ons in die bybel sien. En ons verstand kan maklik benewel word deur die variasie van beelde wat ons in die moderne lewe sien. Nadat dit egter alles vervaag en ons weer by die voet van die berg is, wat maak regtig saak? Ek dink dat God vir ons sê om slegs na Jesus te luister, slegs vir Jesus te sien. Hy was die enigste een wat by hulle gebly het; almal mag u verlaat, maar Jesus sê, "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Mattheus 28:20). Onthou altyd dat Jesus nog steeds daar is vir u selfs nadat die heerlikheid verdwyn.

**11 Moenie Dit Noem Nie**

Christus sê weer eens iets baie ongewoon aan die verbysterde dissipels. Ek en u kan ons kwalik voorstel hoe hierdie drie apostels voel "onderwyl hulle van die berg afklim" (Markus 9:9). Daardie ongelooflike gebeurtenis moes lewensveranderend gewees het en hulle was heelwaarskynlik in geestelike skok, selfs meer so as toe Christus die storm stil gemaak of op die water geloop het. Hulle kon selfs gegloei het met die talmende

oorblyfsels van lig wat nog steeds uit hulle gesigte gestraal het, net soos Moses gegloei het nadat hy met God gepraat het. Watter twyfel oor Jesus kon hulle moontlik nou gehad het? Hulle was heelwaarskynlik gereed om op daardie oomblik vir Jesus te sterf.

Jesus beveel hulle egter om vir niemand te vertel van die dinge wat hulle gesien het nie. Ek kan my voorstel dat dit een van die moeilikste opdragte was wat hulle ooit van hulle Here ontvang het. Hulle het sopas 'n blik van die hemel gehad. Hulle het Moses asook Elia gesien. Net soos Israel van ouds het hulle die bevelende stem van God gehoor wat van die berg weerklink het, en nou word hulle beveel om niks aangaande hierdie merkwaardige gebeurtenis te sê nie. Moenie dit noem nie. Hou in gedagte dat Hy drie vissermanne vra om niks te sê oor die opwindendste ondervinding van hulle lewens nie. Ek weet nie of ek sou kon stilbly nie.

### 12 Die Regte Tyd Om Te Vertel

Gelukkig was hulle nie gevra om "dit nooit te noem nie." Om meer presies te wees, Jesus het gevra, "om aan niemand te vertel wat hulle gesien het voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie." (Markus 9:9).

Waarom sou Jesus hierdie versoek gerig het, wel wetende dat hulle harte so diep aangeraak was deur hierdie gebeurtenis? Ek glo dat Hy wou hê dat hulle hierdie gebeurtenis in gedagte moes hou vir wanneer hulle dit regtig nodig sou hê. Petrus, Jakobus en Johannes was gekies om die leiers van die vroeë kerk te wees, en wanneer alles verlore sou lyk en dinge moeilik geword het, kon hulle sê, "Moenie moedeloos word nie. Ons wil vir julle iets vertel wat ons daardie nag saam met Jesus op die berg gesien het." Dit wil egter voorkom dat toe hulle dit die nodigste gehad het, hulle nie hierdie ervaring onthou het nie – toe hulle Here na die kruis gegaan het, het hulle vergeet wie Hy was.

Het God vir u 'n bergtop ondervinding gegee? Miskien het Hy gebede beantwoord en wonderwerke gedoen wat wanneer dit gebeur u sê, "Loof die Here!" Maar wanneer die heerlikheid vervaag, beland u in 'n vallei waar die duiwel u oorweldig. En die herinnering aan wat op die berg gebeur het, het feitlik heeltemal vervaag.

Dit is net soos toe God vir die kinders van Israel gesê het om nie afgode te maak nie, en hulle die stem van God gehoor het en gevoel het hoedat die grond skud, en hulle gesien het hoe vuur 'n berg verteer. Hulle het God plegtig beloof dat hulle gehoorsaam sou wees, nogtans het hulle slegs 'n paar dae later 'n goue kalf aanbid.

Die duiwel is 'n meester om bergtop geheueverlies te bewerkstellig. Indien u vir hom slegs vyf minute van u aandag gee, kan hy u 'n hele leeftyd van wonderwerke laat vergeet. Indien u sy voorstelle oorweeg, indien u sy ontmoedigings en twyfel aanneem, kan al daardie bergtop ondervindings verdwyn wanneer u dit die nodigste het.

### 13 Laaste-Dae Betekenis

Die ondervinding op die Berg van Verheerliking is veral belangrik vir die laaste dae; dit is waarom Jesus na Sy opstanding teruggekeer het om hieroor te leer. "En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." (Lukas 24:27).

Openbaring 12:17 sê, "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Die vrou stel die kerk voor, en die draak, die duiwel, wil

haar vernietig. Die kerk in die laaste dae het twee uitstaande karaktertrekke: Hulle "bewaar die gebooie van God, en hou die getuienis van Jesus Christus." Wat is die getuienis van Jesus? Openbaring 19:10 verduidelik, "Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie." Die lede van die laaste-dae kerk word dus geïdentifiseer as 'n volk wat die wet (die tien gebooie) sal onderhou en die profete sal hê (die gees van profesie).

Jesaja 8:16 sê, "Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge." Moses het voordat hy gesterf het, die kinders van Israel vermaan om die wet te onderhou. Hy het die Tien Gebooie aan hulle herhaal in Deuteronomium 5 en sê, "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; … Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees." Die wet en die woorde van die profete is dus deur die Heilige Gees in die verstand en harte van God se volk verseël. "En bedroef die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing." (Efesiërs 4:30).

Ons moet onsself deurdrenk met die wet en die profete, met die Woord van God, vir 'n spesiale doel in hierdie laaste dae. Markus 9 sê, "sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu, wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie." Markus sukkel hier om die regte woorde te vind om die helder uitstraling van lig wat die dissipels hierdie hemelse groepie gesien omring het, te beskryf. Die klere van Christus was blink wit, net soos vars sneeu, en het gegloei soos die son. Die kleed wat Jesus gedra het, was natuurlik 'n simbool van Sy reinheid. Dit is wat Hy in die hemel dra. Wonderbaarlik word ek en u hierdie selfde klere wat deur Sy bloed gereinig is, aangebied indien ons getrou bly aan Sy Woord. "en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam." (Openbaring 7:14). "As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het" (1 Petrus 1:22).

### 14 Wat Elia en Moses Nie Sal Doen Nie

Aangesien ons oor die eindtyd praat, is dit belangrik om te kyk na een kritieke saak wat baie verwarring veroorsaak. In Openbaring 11, lees ons van twee getuies. "En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer." Let asseblief daarop dat dit nie sê dat hierdie twee getuies slegs vir 1 260 dae sal profeteer nie, want getuies vir Jesus, getuig die hele tyd. Hierdie verwys natuurlik na die Donker Eeue van 538 v.C. tot 1798, toe die wet en die profete, die Bybel, in die algemeen onbeskikbaar was.

Daar is baie goeie Christene daar buite wat glo dat in die laaste dae, Moses en Elia letterlik na die aarde sal kom om weer te preek, slegs om doodgemaak te word en vir drie-en-'n-half dae in die strate te lê. Dit is 'n halwe waarheid, omdat die twee getuies, die Woord, deur Moses en Elia gesimboliseer word. Hierdie twee manne van God is egter in die hemel met hulle verheerlikte liggame, en die Bybel sê nie vir ons dat Hy wil hê dat andere uit die hemel moet kom om doodgemaak te word nie. Moses en Elia sal nie op hierdie wyse na die aarde terugkom nie.

### 15 'n Tipe van die Wederkoms

Om die volle sirkel te voltooi, kom ons gaan terug na waar ons begin het. Een van die belangrikste lesse van die Berg van Verheerliking is dat dit 'n miniatuur voorstelling van die wederkoms van Jesus is.

Toe hy na hierdie ondervinding terug verwys het, het Petrus die gebeurtenis geïdentifiseer as 'n voorbeeld van Jesus se koms. "Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit; want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." (2 Petrus 1:16,17).

Onthou dat Jesus gesê het dat sommige van sy dissipels nie die dood sou ervaar voordat hulle die koninkryk van God met krag sien kom nie. Ons weet natuurlik dat hierdie dissipels baie lank gelede gesterf het, maar hulle het 'n kykie gekry van hoe dit sal wees wanneer Christus terugkeer.

'n Aantal opwindende insigte kan uit hierdie verhaal verkry word. Dink oor die ooreenkomste:

Daar sal twee kategorieë van heiliges wees wanneer Jesus kom: die opgewektes en die lewendes. Moses, wat dood was en opgewek is (Judas 1:9), is 'n simbool van die groot hoeveelheid mense wat uit hulle stowwerige grafte sal ontwaak wanneer die Here hulle roep – "Die dode in Christus sal opstaan." Elia verteenwoordig die klas van mense wat sal lewe wanneer Jesus terugkeer. Net soos Elia, wat deur 'n wa van vuur in die hemel opgeneem is, en Henog wat met God gewandel het totdat hy tot in die hemel gestap het, sal hulle opgeneem word met nuwe, verheerlikte liggame sonder enige smaak van dood.

Gedurende die verheerliking het Jesus, Moses en Elia wit klere gedra, dieselfde soort wat die verlostes sal dra. Wolke van heerlikheid het hulle ook vergesel; Jesus het in die wolke opgevaar en het gesê dat Hy met die wolke sou terugkeer. En selfs die stem van die Vader in die hemel was op die Berg van Verheerliking gehoor, net soos wat dit sal wees wanneer Christus aan die regterhand van die Vader sal terugkeer (Mattheus 26:64).

**16 Ses Dae Om Te Kom**

Daar kan selfs betekenis wees aan die feit dat hierdie alles gebeur het ses dae nadat Jesus die belofte gemaak het. Nadat Christus vir die dissipels gesê het dat hulle Sy koninkryk sou sien kom, het Hy ses dae getalm voordat Hy hulle teen die berg opgeneem het. Ek glo dit bring fasinerende waarhede voort.

Voordat ons egter aangaan, beide Mattheus en Markus meld hierdie periode as ses dae. Lukas noem egter dat die vertraging agt dae was. Baie antagoniste hou daarvan om hierna te vewys en sê, "Weerspreking!" Dit is egter nie so nie. Mattheus en Markus, beide Jode, het tyd anders neergeskryf as Lukas, wat 'n Griek was. Lukas sluit die dag in wat Jesus van die gebeurtenis gepraat het wat sou plaasvind en ook die tyd wat dit vir hulle geneem het om terug te keer huis toe, en hy gee ook 'n benadering, "ongeveer agt dae." Nee, daar is geen vuur of rook hier nie – hierdie drie verslae stem ooreen.

Na ses dae neem Jesus die dissipels teen die berg op. In 2 Petrus 3 lees ons, "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag." Na die val van Adam, beloof God dat Christus sal kom om die duiwel te verslaan – en toe Christus gekom het, het Hy gesê dat Hy weer gaan kom. Indien ons die datum van die skepping naastenby kan bepaal tot ongeveer 4004 v.C., weet ons dat vir 2 000 jaar, God Sy boodskap gepreek het deur patriarge, manne soos Adam, Metusaleg, Henog en Noag. In 2004 v.C. was Abraham gebore. Vir die volgende 2 000 jaar het God met Sy evangelie uitgereik deur die Jode, die Hebreërs. En hulle het

getrou gewag vir die Messias om te kom deur hulle afstammelinge. Toe ongeveer in 4 v.C. is Jesus Christus gebore, en vir die laaste 2 000 jaar deel God Sy goeie nuus deur geestelike Israel, die kerk. Indien u hierdie drie 2 000's bymekaar tel, sal u 6 000 kry. Indien ons die tema waarvan Petrus skryf toepas, wel, dit behoort u hoendervleis te gee! Psalm 90:4 bevestig, "Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet."

Ek wil ook graag byvoeg dat die Here sê dat die regverdiges vir 1 000 jaar saam met die Here sal leef en regeer – 'n Sabbat van rus. Na hierdie tyd in die hemel, skep God 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waarna die Nuwe Jerusalem sal neerdaal. Ek kan sekerlik verkeerd wees, en om datums vas te stel word deur die Bybel verbied, maar ek glo dat die plan van verlossing in seweduisend jaar vasgevat is. Ek glo dat dit op hierdie manier gaan gebeur.

Indien ons op die oomblik in geleende tyd leef, moet ons nie verbaas wees nie. Ons moet dankbaar wees, omdat die Bybel sê dat die Here lankmoedig is en nie wil hê dat enige persoon verlore moet gaan nie. God gaan doen soveel as wat Hy kan, maar met alles wat vandag in die nuus gebeur, behoort ons te bewe omdat ons in die sonsondergang van die sesde dag leef. Die millennium Sabbat gaan binnekort begin!

### 17 Ses: 'n Bybelse Tema

Die verhaal van die verheerliking is nie die enigste verhaal in die Bybel waarby 'n ses-dae periode betrokke is nie. Byvoorbeeld, in Job 5:19, "In ses benoudhede sal Hy jou red, ja, in sewe sal geen onheil jou tref nie." Verder het Atalia vir ses jaar geregeer voordat Josia gekroon was. Toe Josia uit die tempel gekom het, is Atalia doodgemaak en hy was gekroon – die trompette het selfs geblaas, en daarna het die Sabbat begin.

Hebreeuse slawe was na ses jaar van diens, vrygelaat. Hulle het ook die lande vir ses jaar gesaai en in die sewende jaar dit onbewerk gelaat. Net so sal die aarde vir 'n duisend jaar woes gelaat word, 'n tyd wanneer die evangelie nie gesaai sal word nie. Jesus sê, "Ek is die Saaier. Die Evangelie is die saad." Wanneer Hy in Openbaring kom, is dit met 'n sekel om te oes.

Die interessantste is egter toe Moses aan die voet van Berg Sinai gebly het. Ons weet almal dat hy vir 40 dae en 40 nagte op die berg gebly het, soos met die vloed. Maar Exodus 24 sê dat die tyd voor dit, "… en die wolk het dit ses dae lank oordek." Daarna het God hom na die top van die berg geroep om die gebooie te ontvang. Dit is net soos wat gebeur het op die Berg van Verheerliking. Na ses dae, het Jesus teen die berg opgegaan, en Moses het Hom daar ontmoet.

Die Bybel pas perfek inmekaar! Dit is soos 'n legkaart. Dit is betekenisvol dat dit sê, "na ses dae." Dit sê vir my dat indien hierdie 'n miniatuur voorstelling van die wederkoms is, die Here se koms baie naby is.

### 18 Die Slapende Kerk

Dit is verstandig om in gedagte te hou dat die Berg van Verheerliking baie onverwags gebeur het. Die atmosfeer wat die berg omring het, was stil en donker – die lomerige dissipels het geslaap. En toe, BOEMS! Dit het gebeur. Christus sal soos 'n dief in die nag kom, wanneer baie van Sy volgelinge nie gereed sal wees nie.

Daar is 'n eenvoudige waarskuwing vir ons in hierdie ondervinding. Op die mees deurslaggewende oomblikke van die kerkgeskiedenis, lyk dit asof die Satan die heiliges

verdoof. Net voor hierdie openbaring van heerlikheid, verklaar die Skrifte dat die dissipels "deur die slaap oorweldig was." (Lukas 9:32). Toe Jesus na die Tuin van Getsemane gegaan het, sê die Bybel vir ons dat Hy dieselfde drie dissipels uitgekies het om saam met Hom te bid. En hulle het weer aan die slaap geraak. Net so, in die gelykenis van die 10 maagde, waarsku Jesus ons dat voor die wederkoms "hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak" het. (Mattheus 25:5). Dit lyk asof op die mees kritieke oomblikke in Jesus se bediening, die heiliges besig was om te snork. Dit is waarom Jesus waarsku, "Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: In die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die more nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie." (Markus 13:35,36).

Toe hulle in die tuin saam met Jesus moes gekniel het, en die heerlikheid wat hulle aanskou het, moes onthou, het hulle aan die slaap geraak. En omdat Petrus, Jakobus en Johannes aan die slaap was op die Berg van Verheerliking, het hulle die volle potensiaal van hulle ondervinding verloor. Hulle het die Berg van Verheerliking vergeet en was dus nie gereed om Christus na Golgota te volg nie. Ek wonder of dit hulle vir die res van hulle lewens agtervolg het: daardie verspeelde geleentheid omdat hulle geslaap het toe hulle moes gebid het?

### 19 'n Sekerder Woord

Hoe bly ons dus wakker? By die magtige wapen van gebed kan ons die getuienis voeg, die getuienis van Moses en Elia, die wet en die profete. God se Woord kan u gereed maak vir enigiets. In 2 Petrus 1:17, verwys Petrus terug na die Berg van Verheerliking. Dit is die enigste keer dat enigeen van die drie dissipels daaroor skryf. Maar voor Petrus se dood, skryf hy met gevoel, "want Hy het van God die vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was." (vs. 17, 18).

Nadat Petrus egter na daardie beslissende oomblik in sy lewe verwys het, voeg hy by, "En ons het die profetiese woord wat biae vas is, waaroop julle tog moet ag gee" (vers 19). Kan u u voorstel om dit te sê nadat u Christus in al Sy heerlikheid tussen die twee grootste Ou Testamentiese karakters gesien het, met die stem van God die Vader wat vir altyd in u geheue weerklink? Petrus bely egter dat hoe groot daardie ondervinding ookal was, hy iets *belangriker* gehad het, *meer* betroubaar. God se Woord is 'n lig wat "helderder en helderder word totdat die dag aanbreek."

Petrus het Christus verheerlik gesien; hy het 'n blik van die hemel ontvang. Maar ek en u het iets wat baie meer werd is. Ons het die Bybel. Christus sê vir ons deur Petrus dat u Bybel baie meer betroubaar is as 'n gesig. Indien u 'n bergtop ondervinding wil ervaar, het u dit binne u bereik indien u u Bybel opneem. Niks is belangriker as die getuies van Moses en Elia nie, die tweesnydende swaard, die Wet en die Profete, die gebooie van God, die getuienis van Jesus nie – dit is die kosbaarste iets wat God aan sterflinge toevertrou het. Dit is Jesus, die Woord wat vlees geword het.

### 20 Gloei vir God

As ‘n kind was ek altyd gefassineerd deur daardie dowwe groen deurskynende plastiese speelgoed wat jy teen ‘n lig kon ophou en kon sien hoedat dit gloei nadat die lig afgeskakel was. Ek onthou dat een van daardie speelgoed ‘n gloei-in-die-donker plastiese swaard was. Nadat ek dit aan die lig blootgestel het, kon ek my pad deur die donker huis kry net deur die gloed uit my swaard.

Die Here het vir ons ‘n spesiale waarskuwingsboodskap gegee in die Berg van Verheerliking. Daar lê baie moeilike dae voor, en ons moet nou tyd op die berg deurbring en die lig van God se Woord bymekaar maak om ons deur die donker vallei te neem. Die boodskap van die berg sê vir ons dat Jesus die Een is, en dat ons ook dieselfde klere kan dra as wat Hy, Elia en Moses daardie dag gedra het. Hy sê vir ons om te luister na die getuienis van Jesus, en na die wette en die profete – wat wys na die vervulling deur Christus. Dit is ‘n prent van Jesus se naderende wederkoms, en ‘n waarskuwing om nie geestelik vaak te raak nie. Die bergtop ondervinding help om ons te herinner dat selfs wanneer die heerlikheid vervaag, Jesus nog steeds by ons is en Jesus is die enigste weg na die hemel.

Sewe individue het daardie dag op die berg verskyn: Drie uit die hemel – Moses, Elia en God die Vader; Drie van die aarde – Petrus, Jakobus en Johannes. En dan was daar Jesus – die brug, die leer, tussen hemel en aarde.